# GENERALE MISSIVE

***Nuusbrief van die Stigting VOC     2/13***
***Newsletter of the VOC Foundation***

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
Internet: http://www-voc-kaap.org E-pos: vocinfo@voc.org Skakel/*Contact*: Mnr B. de Vries (Lidmaatskap /*Membership)* Tel.: 021-851-3850. e-pos: boudewyn@mweb.co.za. Mnr C. Wessel (Finansies /*Finance*) tel: 082-377-1682.

------------------------------------------------------------------------------------------------

*Welaen Vrunden!*

**Stigtingsdag 6 April 2013**

Ons herdenk vanjaar om 10:30 op Saterdag 6 April die VOC se stigting van die wêreldstad Kaapstad met 'n geïllustreerde praatjie by Huis der Nederlanden, oor die geskiedenis en die mite van die sogenaamde 'Van Riebeeck-heining,''n troppie inheemse wildeamandelbome wat tagtig jaar gelede in goeie trou en betreurenswaardige onkunde tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is. Kirstenbosch Botaniese Tuin wat jaarliks duisende oorsese en plaaslike toeriste ontvang, se amptelike brosjure vertel: '*Van Riebeeck undertook the first act of Apartheid on South African soil*' en (die wilde amandel) '*...is famous for being the species used by Van Riebeeck for his infamous hedge.*' Ek het gehoor van 'n onderwyseres wat voor omtrent veertig kinders die bome skop terwyl sy skreeu: "*You should die, you should die, for shame!*" En SAEHA, die nasionale bewaringsgesag, se bronsplaat verklaar in hoofletters: *This hedge has become a symbol of division.* Ou Jan draai in sy graf om. Kom maar vroeg, die saal is gewoonlik vol. By Huis der Nederlanden is altyd volop parkeerplek en lekker koffie. 'n Bydrae van R20 tot ons *Meermin*-boufonds sal verwelkom word.

Ons komitee werk daaraan om aanstaande jaar vir dié geleentheid terug in die Kasteel te wees, groter as tevore.

* Die seinkanon op Plattekloof word op 6 April afgevuur. Parkeer by die Pienaar Opvoedkundige Sentrum.

**FOTO**

**Uit die Argief.** Natie Greeff van die Militêre Museum het 'n afbeelding onder ons aandag gebring van 'n koevert gerig aan Jan van Riebeeck. Dit kom uit die Medina-versameling van mnr Mohammed Sayeed, FRPSL, wat op 20 Maart (toevallig op die VOC se Stigtingsdag) deur afslaers Spink van London (gestig 1666) opgeveil sou word. As dit eg is, is dit 'n merkwaardige artefakt. Die adres lees: '*Erntfeste, wijse, voorsienige, seer discrete Heer / Mijn Heer / Joan van Rietbeeck Commandeur en Raet opt Fort de goede hoope aen de Cabo d' bone Esperance / pr 't Jacht de Schaep.*'

Die handskrif is buitengewoon netjies, amper ’n Gotiese drukskrif soos jy in ou Duitse bybels kry. Die Kompanjie het nooit ’n jag met die naam *Schaep* besit nie. Let ook op die aanvulling van ‘Riebeeck’ tot ‘Rietbeeck.’ Die eerste afleiding is dat die skrywer moontlik baar (‘*orang baru’* = nuwe man) is wat nie met die Kaapse name ‘Riebeeck’ en ‘*Schaepenjacht*’ bekend is nie. *Schaepenjacht* is die diensboot waarmee van 1658 tot 1660 skape, varke, mense en lewensmiddele na Robbeneiland toe geneem is. Die sloepie van 29 vt lank en 7 voet breed, oorspronklik tweede of reserwe boot van ’*t Wapen van Holland,* is in 1658 deur twee timmermans van die besoekende jag *Maria* ‘*met opboeijen ende een denninghtjen & sodaanig bequaem te maken dat men daermede de voorsz. baij* (dit is Saldanha Baaij) *en de eilanden …sal mogen bevaren.’*[RvdPR, 30.5.1658.] Die eerste keer wat die naam *Schaepenjacht* genoem word, is (toevallig) op 20 Maart 1658, wanneer adelbors Rijk Overhagen, ‘*welcke preuve van sijn debvoir ende comportementen alhier gegeven heeft*’ (bewys van pligsbesef en gedrag gelewer het) as nuwe poshouer Robbeneiland toe vervoer word. Later in dieselfde jaar is *Schaepenjacht* gebruik om *West Friesland,* wat op 14 Oktober 1658 Saldanha Baaij in ’n ‘*seer ellendich ende vol sieqc scheurbuijkigh volck ter naeuwer nood noch behouwden,’* binnegeval het, voorlopig te proviandeer met groente, karringmelk en eiers, sodat die skip kort daarna Tafelbaai kon haal. Met sy terugkeer het *Schaepenjacht* ’n briefie saam gebring van *West Friesland* se skipper, J. Houtschif en sy seur (klerk) Jacob Sijms, gedateer 25 Oktober 1658. [DR, 26.10.1658.]

*Schaepenjacht* strand in die nag tussen 13 en 14 Augustus 1660 op Robbeneiland, terwyl Otto Jansz poshouer was. Maar! As Jansz dié man is wat as een van die eerste vryburgers grond oos van die Liesbeeck gekry het (verskeie is deur die Eerste Koina Oorlog geruineer en moes weer in die Kompanjie se diens tree), is daar ’n raaisel. Jansz was ongeletterd; hy teken byvoorbeeld die Vryburger-petisie aan Van Riebeeck met ’n kruis. Die enigste ander persone wat met Van Riebeeck per *Schaepenjacht* gekorrespondeer het was poshouer Overhagen en seur Jacob Sijms. Sijms se brief aan Van Riebeeck is onder ‘*Inkomende Brieven*’ in ons Argief, maar sy omslag (‘koevert’) ontbreek.

Die omslag in Sijms se netjiese handskrif word 355 jaar later deur Spinks van Londen opgeveil. Dit gaan nie eens oor van Riebeeck se handtekening nie, maar oor sy groot naam alleen. Ek glo dat die omslag in die 1980’s deur die dokumentedief Hutchens uit die Kaapse Argief gesteel is, en het die Argiefhoof (Lid Jolanda Hogg) daarvan vertel. Sy het die Departement van Kultuursake laat weet en hulle het prokureurs aangestel om die dokument op te eis, sodat dit van die katalogus onttrek word, en ook die reg voorbehou om ander Kaapse dokumente uit die VOC en Britse tye op Spinks se katalogus te ondersoek.

**VOC-oprigtingsdag 20 Maart.**

Op 20 Maart 1602 is die VOC gestig, ’n gebeurtenis soos die Oerknal, wat geweldige positiewe en negatiewe kragte wêreldwyd losgelaat het en wat nog voortduur. Ek weet nie of daar soveel boeke, artikels en verwysings oor enige ander maatskappy geskryf is nie. Ons Stigting se Algemene Jaarvergadering vind voortaan jaarliks op 20 Maart plaas,

behalwe wanneer 20 Maart op ’n naweekdag val. Ons bestuur het ’n boodskap van goeie wense, soos ’n verjaardagkaart, aan ons sustersvereniging Caemer die Haeghe gestuur, en soortgelyke groete van hulle ontvang. Op dié dag hou hulle jaarliks ’n kranslegging by Van Oldenbarnewveld se standbeeld by die Vijverhof in Den Haag, en daarna ’n deftige dinee met verskeie heildronke, waar nuwe lede ook hulle intree-redes lewer en lidmaatskap-sertifikate ontvang.

**Was Napoleon keiser van die Kaap?** Op dié vraag in die vorige *Generale Missive* het lid Michael Purcell die volgende bydrae: Die Kaap is op 18 Januarie 1806 formeel aan die Britte oorgegee, toe Nederland nog die Bataafse Republiek was met Rutger Jan Schimmelpenninck as raadspensionaris. Louis Napoleon is op 23 Junie 1806 as koning van Holland ingesweer. Dus: Napoleon was nooit keiser van die Kaap nie.

**Model van die slaweskip *Meermin.*** Een van ons lede, wat anoniem wil bly, het ’n massiewe R2000 aan die *Meermin*-boufonds geskenk. Dankie, heer en dame, vir u bydrae tot die bou van die model, wat geslagte van besoekers aan die Slawelosiemuseum nog in die toekoms gaan geniet.

Die glaskas, geskenk deur Stigting Simon van der Stel, is voltooi en word deur die Militêre Museum vir ons bewaar totdat die model gereed is. Ongeveer Junie-maand sal ons by ’n spesiale geleentheid die model aan die Slawelosiemuseum oorhandig.

**Erfenis verwaarloos**

Voor op *Die Burger* se bylae ‘Eiendomme’ van 16 Maart het redakteur Martiens van Bart ’n groot foto van die huis in Glencairn waar poshouer Brand van buitepos Simons Baaij se seun Johannes Henricus, die amptelike assistent-poshouer in die Kompanjiestyd, gewoon het. Die gebou was ’n plesier vir die oog, ’n mooi voorbeeld van die ‘klassieke’ Kaaps-Hollandse styl in volle bloei. Dit was u-vormig, onder ’n rietdak, met ’n soldertrap en voorgewel, gepleister en gewit. Die lyne is eenvoudig, onversier. ’n Steil trap lei na die hoë voorstoep. Oor sy ‘klassieke’ styl en geskiedenis het die RNG dit lank gelede aangekoop, gerestoureer en tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar.

Nou lyk dit treurig; die stoep is afdak-styl toegebou, die dak is geteël, die houtwerk se verf skilfer af. Dit staan leeg en die geelhout-vloere en -balke sal waarskynlik gestroop word. Ons lid Hans Fransen, skrywer van *The Old Buildings of the Cape,* sê die gebou verdien om behoorlik gerestoureer te word.

Wat kan ons vir die ou huis doen? As iemand daar buite luister… Sê dat u dit in die *Generale Missive* gelees het, en verwys na die artikel in *Eiendomme.*

**Besoek aan Suid-Kaapse buiteposte.**

Hou asseblief in gedagte dat die wat saam reis, dit op eie verantwoordelikheid doen. Kaptein Morkel van die Kasteel maak dit vir ons moontlik om ons voertuie vir die drie dae van ons afwesigheid gratis in ’n bewaakte gebied agter die Kasteel te laat. Hierby is ’n padkaart wat u wys hoe om daar te kom. Die Kasteel verwag dat elkeen wat sy motor daar wil laat, meegaande vrywaringsbrief invul, en <u>op papier</u> inhandig vir gebruik van die

hekwag op dié dag. (NB: net papier, geen e-posse.) Pos asseblief u voltooide vorm aan my (Die Sekretaris, Stigting VOC, Julianaveld-Suid 6, Pinelands 7405) om dit teen Donderdag 11 April in die hande te hê. Vrydag-oggend neem ek dit Kasteel toe vir registrasie en verwerking. Vroeg op die Maandag ontmoet ons mekaar voor die hek om binnegelaat te word. Ons bus wag daar; pak u bagasie in die bus, gaan parkeer u kar, en stap terug na die bus. Wees asseblief betyds, ons wil niemand agterlaat nie. [**Noodfoonnommer vir gebruik daardie oggend:** 082-704-9163. Dit is my tweede foon, wat in my kar woon.]

Daarna gebeur dit soos volg:

**Maandag 15de**: Vergader om 07:00 by Kasteel se agterhek, waar bus wag. Lees monsterrol. Verwelkoming. Deel toerboeke uit. Vertrek om 07:30. Laai Somerset-Wessers op by Somerset Hal / Mall (parkeer voor Pick & Pay, Ingang 1) Middagete Buffeljagtsrivier. Mosselbaai, besoek toneel van VOC-buitepos, die hele museumkompleks (d.i.: fontein, posboom, herboude graanskuur en Dias Museum, groepprys R20 per persoon), en die Vlermuisgrot. Verblyf Point Village Hotel. Aandete Defino's.

**Dinsdag 16de**: Ontbyt (07:00-08:00) by Defino's. Monsterrol. Vertrek na George. Besoek twee moontlike standplase van die VOC-buitepos. Oggendsopie. George Museum en Van de Graaff-baken. Middagete by Botaniese Tuin. Ry deur Knysnabos en Tsitsikammabos tot Plettenbergbaai. Besoek VOC-buitepos, VOC-houtstoor en Van Plettenberg se baken. Besoek *Sao Gonçalo*-uitstalling. Verblyf Crescent Hotel. Jaarlikse dinee (drag: das) by Beacon Isle Hotel, op die see. Gasspreker: mnr J. Jerling, afstammeling van die Jerling wat die houtstoor gebou het (1787) en ontdekker van die Portugese skipbreukelinge (*Sao Gonçalo*, 1630) se kampeerplek tussen die duine.

**Woensdag 17de**: Ontbyt om 07:30. Vertrek huis toe. Middagete Mosselbaai. Besoek Fransmanshoek. (Wie was al daar?) Gedenkteken buitepos Rietvallei aan de Buffelsjagtrivier. Kort stop by Buffelsjagt-padkafee. Stuur hoed rond vir fooitjie vir ons drywer. Somerset Hal / Mall. Arriveer Kasteel. Bedank en oorhandig fooi. Groet.

Die komitee vra toergangers om asseblief hulle lapelspeldjies te dra. Ek raai ook aan dat dit hulle sal baat om weer oor die ontstaan en bestaan van die drie buiteposte wat ons gaan besoek, in *Die Buiteposte* te lees. Waarom was dit vir die Kompanjie nodig om amper teen die einde van sy bestaan so ver van die Kasteel af nuwe buiteposte te stig en te onderhou?

**Algemene Jaarvergadering.** In die vorige nuusbrief het ek genoem dat dit moeilik word om met amptelike bewarings-instansies te skakel, omdat hulle nie telefone beantwoord nie, of hulle is gedurig in vergaderings of glad nie op kantoor nie. U sal my teleurstelling verstaan dat Erfenis Wes-Kaap se verteenwoordiger, wat meer as 'n maand tevore beloof het om op 7 Februarie ons gasspreker by die Algemene Jaarvergadering te wees en ons oor die belangrike onderwerp '*Erfenis Wes-Kaap se bewaringstaak en hoe die Stigting*

*VOC daarmee behulpsaam kan wees*,' nie opgedaag het nie. Dit was die eerste keer in ons 18 jaar dat ons gasspreker nie opdaag nie. Wel, vriende, daar sien u dit. Bewaring hang van ons self af en dit is waarom ek elke lid vra om tyd, energie en toewyding aan erfenisbewaring te gee.

**Weeskind van die Kompanjie.**
Danksy '*de loffelijcke Compagnie*,' die wêreld se eerste multi-nasionale maatskappy, kon vele sewentiende en agtiende eeuse Nederlanders hulle van die laagste sosiale vlak tot die hoogste opwerk. Goewerneur-Generaal Jacob Mossel het byvoorbeeld as 'n gewone matroos in die Ooste gekom, Wollebrand Geleynsz de Jonge, admiraal van die 1648 retoervloot, het sy vloot van 12 skepe by vertrek uit Batavia laat skilder en die skildery aan die weeshuis in Alkmaar geskenk, waar hy sy kinderjare geslyt het, om die wese te bemoedig en dalk 'n lus vir die seelewe in Kompanjiesdiens te inspireer. (Die skildery is nou in die Alkmaar Museum.)

'n Delftse weeskind wat by die VOC aangemonster het was Jacobus van den Berg, wat in 1731 op die ouderdom van vier jaar in die Gereformeerde Weeshuis, naby die VOC se kantoor in die stad, opgeneem is. Toe hy negentien is, seil hy die eerste keer ooste toe as onderkuiper op *Bosbeek*. In 1748 word hy opperkuiper, en voltooi nog drie retoere in dié ambag. Hy trou in 1756 met Anna Catoirs, wat ook haar kinderdae in die weeshuis deurgebring het. Toe hy in 1759 weer tuis kom is dit as bottelier (onderoffisier met toesig oor die skip se proviand) met 'n soldy van 20 gulden. In dié funksie seil hy twee verdure retoere. Intussen leer hy seemanskap en navigasie; in 1769 is hy derdewaak (vierde dekoffisier) op *Erfprins*, en voltooi twee retoere in die rang. In 1764, toe hy 37 jaar oud is, word hy opperstuurman (tweede-in-bevel) teen 48 gulden, en in 1776, na dertig jaar diens, word hy skipper teen 100 gulden. Met dié rang onderneem hy drie retoere, 'n totaal dus van veertien heen-en-weer reise en agt-en-twintig besoeke aan die Kaap. Dit sal maklik wees om vas te stel watter van ons goewerneurs hy ontmoet het. Hy tree uit as skipper van *Horssen,* en gaan woon as welgestelde handelaar in 'n huis aan die grag Oude Delft, waar hy in 1819 op die ouderdom van 91 jaar oorlede is. [H.L. Houtzager e.a. (reds.): *Delft en de Oostindische Compagnie.* Amsterdam, 1987)

*Behouwde vaert!*

D.SLEIGH
REDAKTEUR
27 Maart 2013

TOER NA DIE SUID-KAAPSE BUITEPOSTE

15,16,17 APRIL 2013

**Maandag 15de**:
Vergader om 07:00 by Kasteel se agterhek, waar bus wag. Lees monsterrol. Deel toerboeke uit. Verwelkoming.
Vertrek om 07:30. Laai Somerset-Wessers op by Somerset Hal / Mall (bus parkeer voor Pick & Pay, Ingang 1.)
Middagete Buffeljagtsrivier.
Mosselbaai: na Munroestrand vir oriëntering. Besoek toneel van VOC-buitepos, die hele museumkompleks (d.i.: fontein, posboom, herboude graanskuur en Dias Museum, groepprys R20 per persoon). Verblyf Point Village Hotel. Aandete: Defino's.

**Dinsdag 16de**:
Ontbyt (07:00-08:00) by Defino's. Vlermuisgrot. Monsterrol. Vertrek na George.
Besoek twee moontlike standplase van die VOC-buitepos Houteniquasland.
Oggendsopie.
George Museum en Van de Graaff-baken, Houtkappersmuseum.
Middagete by Botaniese Tuin.
Ry deur Knysnabos, kyk na Groot Boom, en deur Tsitsikammabos tot Plettenbergbaai.
Besoek VOC-buitepos, VOC-houtstoor, kaserne, en Van Plettenberg se baken. Besoek *Sao Gonçalo*-uitstalling. Verblyf Crescent Hotel. Jaarlikse dinee (drag: das en baadjie) by Beacon Isle Hotel, op die see. Gassprekers: mev. I. en mnr J. Jerling, afstammeling van die man wat die houtstoor gebou het (1787) en ontdekker van die Portugese skipbreukelinge (*Sao Gonçalo*, 1630) se kampeerplek tussen die duine.

**Woensdag 17de**:
Ontbyt om 07:30. Vertrek huis toe.
Middagete Mosselbaai. Besoek Fransmanshoek.
Gedenkteken buitepos Rietvallei aan de Buffelsjagtrivier. Kort stop by Buffelsjagt-padkafee. Stuur hoed rond vir fooitjie vir ons drywer.
Stop by Somerset Hal / Mall.
Arriveer Kasteel. Bedank en oorhandig fooi. Groet.